DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

28 Oktober 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 91: 1, 3	Sing vooraf	Ps. 62: 1, 8
Sing	Ps. 89: 1, 6	Sing	Ps. 145: 1 - 3
	Sb. 9-3: 1, 2 (70)		Ps. 86: 1, 4
	Sb. 17-1: 1 - 3 (17)		Ps. 86: 6, 8
	Sb. 17-1: 4 - 6 (17)		
Skriflesing	Matteus 6:19-24	Skriflesing	Psalm 86 HK Sondag 45 Vraag 117, 118
Teks	Matteus 6:31-33	Teks	Psalm 86:1-2
Tema	**Kommer oor lewensorge spot met God se sorg en liefde vir jou**	Tema	**Here my God, neig u oor, verhoor my gebed**
Katkisasie-opening: Skrifberyming 15-1: 1 - 4 (Sb. 75)			

2. ALGEMENE KERKNUUS

BEROEPE

Beroepe Aanvaar

- Ds HFR Pelser (Riekert) van Vaalharts na Kemptonpark

Beroepe Ontvang

- Proponent JN Hibbert (Josef) na Pietersburg-Noord
- Ds RJ Pretorius (Rynhardt) van Buffeldoorns na Benoni as medeleraar
- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Die Kandelaar
- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Rietvallei as medeleraar
- Ds TJ van Vuuren (Tommie) van Heilbron na Durban-Noord

STELLENBOSCH EERSTEJAARSKAMP 2019

Gereformeerde Kerk Stellenbosch bied ‘n kamp vir eerstejaarstudente aan van 19 – 23 Januarie 2019. Die koste verbonde is R820 en meer inligting is op die kennisgewingborde.

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Baie dankie aan elkeen vir die donasies, hulp en ondersteuning wat bygedra het om van ons jaarlikse basaar 'n sukses te maak! Ons hemelse Vader het ons weereens geseën met 'n wonderlike geleentheid tot opbou van Sy Koninkryk.

Die kinders se pragtige inkleurprente is opgeplak in die konsistorie – gaan loer gerus na die spogwerk!

BEDANKING

Hiermee 'n innige bedanking vir elke boodskap, handdruk, geselsie en drukkie wat ons ontvang het die afgelope tyd. Spesiaal 'n groot dankie aan br. Jaco en sr. Willina Cilliers wat sonder enige huiwering my pligte as koster oorgeneem het.

Br. Piet en sr. Veronica Reyneke

BEGROTING 2019/20

Alle voorsitters en sameroepers word vriendelik versoek om die kassiere, sr. Yolandi Taljaard (kassier.gkbellville@gmail.com) te kontak rakende u toedeling van fondse in die begroting vir die finansiële jaar 2019/20.

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00
Dames Bybelstudie: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

GEMEENTEKALENDER 2019

U ouderling sal met huisbesoek u gemeentekalender vir 2019 aflewer. Indien daar enige lidmate is wat 'n donasie wil skenk om te help met die drukkoste, kan u dit in 'n gemerkte koevert in die kassiere kissie plaas of per EFT oorbetaal met die verwysing *DRUKKOSTE*.

HUISBESOEK

Wyk **Langeberg Ridge** (oudl. Cassie Bester) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KIERIEKLUB

Die Kierieklub beplan om eerskomende **Saterdag, 3 November** by **Silwermyn** te gaan stap en dan saam piekniek te hou. Alle lidmate is hartlik welkom – ook dié wat nie wil stap nie, maar net wil inskakel vir die geselligheid. Daar is meer besonderhede en 'n naamlys op die kennisgewing-bord in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: br. Willem de Haan

KLIPPIES

Die laerskool leerders kom DV **Vrydag vanaf 18h00 tot 20h00** op die kerkterrein bymekaar. Kontakpersoon: sr. Debbie Daling

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00 in die kerkgebou. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om saam te kom sing! Kontakpersoon: sr. Etresia Hendricks

KREATIEWE KORALE (Hekel-en-Brei)

Die Kreatiewe Korale kom eerskomende **Donderdag van 19h00 tot 21h00** bymekaar in die konsistorie. Ons nooi graag alle lidmate om enige kreatiewe projek te bring en saam te kom kuier. Kontakpersoon: sr. Emzy Venter

LEWENDE STENE & ROTSE

Die hoërskool leerders en studente kom volgende Sondag vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar in ons kerkhuis. Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Stefan Coetzer wat in ‘n motorfiets-ongeluk betrokke was

OMGEWINGSPITKOS

Die sogenaamde hipermoderne tye van vandag beleef revolusies van ‘n meer tegniese aard wat beskawings hipnotiseer om al minder respek vir hul tradisionele natuur- en kultuur-erfenisse te toon. Dié ongenadigde verowering van die waardes het ‘n vryheid van denke en doene tot gevolg wat die eenheid tussen God, mens en skepping versteur. ‘n Vername gevolg was ‘n wankelende omgewing met besoedeling van vele aard, klimaatsverandering wat uit besoedeling voortspruit en slegte lewensmaniere met ‘n ingesteldheid tot misbruik en opstand. Ons toenemende ervaring van dié nagdonkerte vra ‘n natuurbegrip met kennis gelaai om die betekenis van ‘n môre se skone oggendstond en lowergroen bottyd te begryp. Vele hulpmiddels hiervoor bestaan.

SENIORS

Alle Seniors word hartlik uitgenooi na die Kers-ete op DV **Woensdag, 14 November**. Dit vind plaas in ons konsistorie om 11h00 vir 11h30. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die geleentheid wil bywoon. Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Skiereiland vir Christus Kamp: 20-24 Maart 2019

Met groot vreugde kan ons begin met die beplanning vir die derde Skiereiland vir Christus kamp! Dit is weereens 'n geleentheid waar ons hooftaak as gemeente is om God te verheerlik, Sy verlossing te verkondig en ook Sy genade en voorsienigheid te ervaar. Almal wat belangstel om betrokke te raak vergader **vanmiddag om 16h30** in die konsistorie.

Ons benodig hulp op verskeie vlakke:

- Groepleiers - oud en jonk (14 jaar+)
- Kosspan lede
- Aanbieders - dalk wil jy iets spesiaals vir die kinders kom leer?
- Enige algemene ondersteuning

Daar is ook ‘n naamlys op die SvC aansteekbord in die teedrinklokaal – skryf asseblief u naam op indien u betrokke wil raak. Kontakpersone: srs. Jana de Bruyn, Elré Gerber en Magda Groot

4. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Geertje Groenewald**, Netta Baltes, Antoinette Douglas, Veronica Meyer, Mariët Nijeboer, Annemie van Dyk, Marthie van Rooy, Arlene van Tonder

Woensdag (Breë Kerkraad): Srs. **Lidia Juyn**, Bokkie Aucamp, Marie de Haan, Adriana Joubert, Ilzé-Marie Loots, Hermène van Niekerk

Volgende Sondag: Srs. **Emzy Venter**, Marleen Curtis, Antoinette du Plessis, Elise Joubert, Michelle Roux, Anneliese Smit, Daniélle Smit, Alta Swanepoel

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Ruthven Janse van Rensburg, Marten Daling, Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard

Volgende week: Brs. Eduard Roos, Piet Reyneke, Dewald Costerus, Louis du Plessis

Ouderlinge

Vandag: Brs. Wilhelm Groenewald, Piet Aucamp, Ben van der Walt, Jakobus Wüst

Volgende week: Brs. Gustaaf Costerus, Ben Groot, Jaco Cilliers, Elzar Wendt

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Attie Juyn, Riaan Janse van Rensburg
Volgende week: Brs. Mark Lyons, Chrisjan Vrey

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Paarl Skool	GK Elsiesrivier
By die deure:	Bolandse Bedieningsfonds	Teologiese Studentebehuising

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Oktober: 29/10 Langeberg Ridge
November: 12/11 Brackenfell 1, 26/11 Table View
Desember: 03/12 Kuilsrivier

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus Kamp
Vanmiddag om 16h30 in die konsistorie
Basaar (alle koördineerders)
Vanaand na die erediens in die kerkgebou
Breë Kerkraad
Woensdag om 19h00 in die konsistorie

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **br. Bennie de Koker** gelukwens met sy **84ste** verjaarsdag!

Vandag	Br. Brandon Reyneke	083 658 8694
29/10	Anli de Villiers (1 jaar)	083 292 1160
	George du Plessis	021 975 9767
	Sr. Eleonor Visser	072 627 3912
01/11	Sr. Dienie Steyn	083 489 1887
	Sr. Chanté Wendt	021 932 3344 / 072 113 4119
02/11	Br. Bennie de Koker	073 168 4555

Die Here sal jou genadig wees as jy na Hom roep om hulp,
Hy sal jou gebed verhoor sodra Hy dit hoor. *Jesaja 30:19*

7. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville
Broadway 6, Bellville, 7530 Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste https://rcsasouthernsuburbs.com/	083 973 5818
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za